

KONINKRYK.

LES 13

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] 1 KONINGS 3, 11, 17 en 18

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (1 Konings 3, 11, 17 en 18). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [DIE CHRISTELIKE GEMEENTE] (1) 1 PETRUS 2:5

Die tiende reeks (J) memoriseringsverse gaan oor “**Die Christelike Gemeente**”. Die titels van die vyf Bybelverse is:

1. Die aard van die Gemeente. 1 Petrus 2:5
2. Die aktiwiteite van die Gemeente. Handeling 2:42
3. Die bedienings van die Gemeente. Efesiërs 4:12-13
4. Die take van die leiers in die Gemeente. Handeling 20:28
5. Die eer in die Gemeente. Efesiërs 3:20-21

Repeteer twee - twee

(1) Die aard van die Gemeente. 1 Petrus 2:5. Laat julle as lewendende stene opbou tot ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

4 ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE BRUILOF

“Die gelykenis van die bruilof” in Matteus 22:1-14 is ’n gelykenis oor DIE VOORWAARDE OM IN TE GAAN IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Matteus 22:1-14.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Besprek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Hierdie gelykenis is vol betekenis en die drie onderdele sou ook as drie gelykenisse beskou kon word, wat tot één gelykenis saam gevoeg is.

Die eerste onderdeel van die verhaal gaan oor die verwerping van die uitnodiging van die koning. ’n Koning berei ’n bruilofsfees vir sy seun voor. Drie keer het hy ’n uitnodiging tot die gaste gerig. Eerstens het hy sy gaste uitgenooi na die bruilof van sy seun. Toe het hy sy slawe uitgestuur om die uitgenooide te roep om na die bruilof toe te kom. Ten slotte het hy ander slawe gestuur om te sê dat die maaltyd gereed staan en dat hulle nou moes kom (vers 3-4). Onder die Jode was dit nie onbekend om eers ’n algemene uitnodiging te stuur en om later die uitgenooide te roep om nou na die bruilofsmaaltyd te kom nie (Ester 5:8; 6:14). Die mense het geen ag geslaan op die uitnodiging nie, het die slawe sleg behandel en doodgemaak. In daardie dae was dit nie aanvaarbaar om die uitnodiging van ’n koning van die

hand te wys nie en is baie ernstig gestraf. Daarom sê Jesus, “Die koning het kwaad geword en sy leer gestuur om daardie moordenaars dood te maak en hulle stad aan die brand te steek” (vers 5-7).

Die tweede onderdeel van die verhaal gaan oor die bruilofsaal vol maak. Die koning het gevind dat die uitgenooides nie meer besondere aandag werd was nie, want hulle het besluit om nie te kom nie. Hy was vasbeslote om ’n groot bruilof vir sy seun te hou. Daarom het hy slawe uitgestuur na die plekke waar mense bymekaar kom om soveel as wat hulle kon kry te nooi na die bruilof toe. En die bruilofsaal is gevul met gaste. *Die plan van die koning sôu nie, en kón nie faal of misluk nie!*

Die derde onderdeel gaan oor die man wat nie geklee was in bruilofsklere nie. Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, het hy daar iemand gesien wat nie geklee was in bruilofsklere nie. Daar is historiese bewys dat in die Midde Ooste, in die tyd na die Bybelse gebeure afgespeel het, ’n persoon wat in die teenwoordigheid van die koning gekom het, verplig was om ’n kleed te moes dra wat die koning aan hom aangestuur het. In hierdie gelykenis het die koning verwag dat elke bruilofsgas ’n bruilofskleed sou dra! ’n Persoon wat geen bruilofskleed aangehad het nie, het geen verskoning gehad nie! Daarom het die koning beveel dat hierdie man vasgebind moes word en in die buitenste duisternis gegooi moes word waar hulle sal huil en op hulle tande kners.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding tot die gelykenis staan in Matteus 21 en 22.

Die agtergrond van hierdie gelykenis is die laaste week voor die kruisiging van Jesus Christus. Jesus het Jerusalem binnegekom en die skare mense het Hom as die komende Messias verwelkom. Hy het die tempel (vir ’n tweede keer) gereinig deur die handelaars daarruit te verdryf. Hulle het waarskynlik die priesters omgekoop om hulle koopware in die tempelhof in te bring! In die tempel het Jesus Christus blindes en lammes genees. Kinders het uitgeroep dat Hy die komende Messias was. Die owerpriesters en Skrifgeleerdes het Jesus nie verwelkom in Jerusalem of in die tempel nie en ook nie in hulle harte nie. Nadat Jesus die vyeboom vervloek het en die vraag van die owerpriesters en oudstes van Israel met betrekking tot sy gesag geantwoord het, het Jesus drie gelykenisse vertel: die gelykenis van die twee seuns, die gelykenis van die slegte boere en die gelykenis van die bruilof.

Dit is dus duidelik dat *die aanleiding vir die vertel van hierdie gelykenis die slegte houding en weerstand van die godsdienstige en politieke leiers van Israel teen Jesus Christus was.* Hulle en hulle volgelinge het Jesus Christus verwerp as die komende Messias. Hulle het sy wondertekens beskou as die werk van die satan. En hulle het Hom verwerp as Verkondiger en Leraar van die evangelie van die Koninkryk. Hulle het toe ’n komplot gesmee om Hom dood te maak!

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 22:2-13.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 22:14.

Daar staan:, “Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.” Hoewel die evangelie wyd en syd verkondig is aan baie mense, sal daar ook baie mense wees soos die uitgenooides in die gelykenis: hulle hoor, maar glo nie en gehoorsaam ook nie. *Per slot van rekening is die Koninkryk van God erf nie ’n menslike prestasie nie, maar ’n genadegawe van die soewereine God.* Volgens Johannes 15:16 en 2 Tessalonisense 2:13-14 is dit God Sêlf wat op ’n volkome soewereine wyse mense uitverkies en na Hom toe roep.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge. Omdat Jesus nie elke detail van die verhaal uitlê nie, moet die essensiële of relevante gegewens uit die verband en uit parallelle Bybelgedeeltes vasgestel word.

Die Koninkryk van die hemele (die Koninkryk van God). Elke keer as Jesus sê:, “Die Koninkryk van God is soos ...” (Matteus 22:2) dan leer Hy:

- wat daar *in die verlede* gedurende die Ou-Testamentiese periode gebeur het tydens die koningskap (heerskappy) van God
- wat daar *in die huidige tyd* gedurende die Nuwe-Testamentiese periode gebeur tydens die koningskap (heerskappy) van God

- en wat daar *in die toekoms* by die wederkoms van Christus verseker gaan gebeur wanneer die finale fase van die koningskap (heerskappy) van God ontvou word.

Alle gebeurtenisse wat in die gelykenisse beskrywe is, sal op die laaste oordeelsdag al plaasgevind het! Elke gelykenis van Jesus Christus het vandag 'n boodskap vir jou en my!!! Dit is 'n relevante detail.

Die koning. “Die koning” (Matteus 22:2) verteenwoordig God wat mense eers uitnooi en dan roep om te kom. Volgens die toepassing in vers 14 nooi en roep Hy nie net nie, maar kies Hy! Hierdie gegewens is belangrik en dus 'n relevante detail.

Die seun. Die suggestie dat “die seun” (Matteus 22:2) Jesus Christus verteenwoordig, is sterk. Nogtans is dit nie seker nie, omdat die seun nie weer genoem word nie en geen rol in die verhaal meer speel nie. Omdat die detail nie uitgelê word nie en ook nie verder genoem word nie, is dit nie 'n belangrike detail in die verhaal nie. Die noem van die koning en sy seun beklemtoon dat dit 'n belangrike koninklike banket was.

Die bruilofsmaal. Die bruilofsmaal (Matteus 22:2) is 'n relevante detail. “Die bruilofsmaal” is 'n simbool vir die Koninkryk van God in sy finale fase by die wederkoms van Jesus Christus (sien Openbaring 19:7). Dit verteenwoordig die vreugde by die wederkoms van Jesus Christus en die vreugde van die lewe in die nuwe hemel en die nuwe aarde, waar elkeen uitbundig die heerskappy van God in Christus erken. Dit word voorgestel as 'n bruilofsmaal in 'n groot en verligte feessaal waar die gaste op aanlê aan die banket langs tafels wat vol gelaaï is met voedsel. Daar word met blydschap met die gasheer en die ander gaste gepraat.

Die woord “bruilof” word in die oorspronklike taal in die meervoud en in die enkelvoud sonder enige verskil van betekenis gebruik (vergelyk vers 3-4 met vers 8). Die meervoud “bruilofsfeestelikhede” kom voort uit die feit dat 'n bruilof wel dae kon duur (Rigters 14:17) en baie aktiwiteite ingesluit het.

Die eerste drie uitnodigings aan die eerste groep mense. Die eerste drie uitnodigings aan die eerste groep mense (Matteus 22:3a,3b en 4) is relevant. Hulle verteenwoordig die uitnodigings van God gedurende die Ou-Testamentiese periode aan die volk van Israel tot by die eerste koms van Christus. Hulle toon die groot liefde en baie geduld waarmee God die volk Israel na Hom toe geroep het (Romeine 10:21). Vergelyk dit met sy teenwoordige liefde en geduld aan sowel Jode as aan nie-Jode (heidene) (2 Petrus 3:9).

- **Die eerste uitnodiging.** Die eerste uitnodiging is relevant. Die oorspronklike uitnodiging suggereer die uitnodiging aan die aartsvaders Abraham, Isak, Jakob en hulle nageslag (Genesis 12:1-3; 26:24; 28:13-15) en tot 'n sekere mate ook God se roeping van Moses (Eksodus 3). Nie een van hulle het God se uitnodiging van die hand gewys nie.
- **Die tweede uitnodiging.** Die tweede uitnodiging is relevant. Die verband van die verhaal van die gelykenis was die slegte houding en teenstand van die volk van Israel teen die Ou-Testamentiese profete. Dus, die tweede uitnodiging deur die eerste groep slawe suggereer God se herhaaldelike praat met Israel deur die Ou-Testamentiese profeten soos Samuel, Elia, Elisa, Jesaja, Jeremia en die ander profete (Matteus 21:34-35).
- **Die derde uitnodiging.** Die derde uitnodiging is relevant. Dit suggereer God se praat met die volk van Israel deur Johannes die Doper, Jesus Self, die dissipels van Jesus (Lukas 9:1-2; 10:1-2) en later deur Stefanus (Handelinge 6:8-7:60) en Paulus (Handelinge 13:13-52).

Al drie uitnodigings was gerig tot God se Ou-Testamentiese verbondsvolk, *die offisiële volk van Israel* (Deuteronomium 4:9-13,32-36).

Die reaksie (respons) van die mense op die uitnodigings van die koning. Dit is relevant (Matteus 22:5-7). In die geheel geneem het die Jode gedurende die Ou-Testamentiese periode en die Jode gedurende die eerste koms van Jesus geen aandag aan die uitnodigings van God geskenk nie. In die verband van hierdie gelykenis, verteenwoordig dit die onverskillige houding en die aktiewe vyandskap van Israel teen Jesus Christus en sy uitnodiging tot die Koninkryk van God. Die mense in Israel was meer geïnteresseerd in aardse, materiële sake soos landbou en handel as in hemelse sake soos verlossing (Lukas 14:18-20; 17:26-30). Hulle het die wondertekens van Jesus gesien en sy onderrig gehoor en tog was hulle onwillig om hulle te bekeer en die evangelie te glo (Matteus 21:31-32).

Die feit dat hulle die slawe (dienaars) van die koning mishandel en selfs doodgemaak het is relevant. Dit verteenwoordig Israel se behandeling van die Ou-Testamentiese profete (Matteus 21:35-36; 23:33-36). Hierdie onverskillige houding en aktiewe vyandigheid teen Jesus Christus, of dit van die kant van die Jode, of van die kant van die nie-Jode was, is die rede waarom alle ongelowiges by die wederkoms van Christus gestraf sal word.

Die bestraffing vir die verwerping van die uitnodiging. Dit is relevant (Matteus 22:7). Die koning stel vas dat die oorspronklike uitgenooites nie die eer werd was om na die bruilof te kom nie. Die vernietiging van hierdie moordenaars en die afbrand van hulle stad deur die soldate van die koning is relevante gegewens. Omdat hierdie gebeurtenisse letterlik vervul is, wys dit watter mense Jesus in gedagte gehad het. In 70 n.C. het Titus, die seun van die Romeinse keiser Vespasianus (69-79 n.C.), Jerusalem verower, die tempel en Jerusalem vernietig en meer as een miljoen Jode doodgemaak, sodat die volk van Israel opgehou het om as 'n politieke eenheid te funksioneer (Josefus: “Geskiedenis van die Joodse Oorlog”, boeke 4-6).

Nietemin was die dood en opstanding van Jesus Christus al die einde van die volk Israel as God se bevoorregte volk (Matteus 8:11-12; 21:41-43; 27:51; vergelyk Matteus 10:5-6 met Matteus 28:18-20). Dit beteken nie dat God alle Jode

verwerp het nie (Romeine 11:1-10). Onder die wat wel op God se uitnodiging gereageer het en die koninklike bruilof binne gegaan het, was baie Jode.

Die laaste uitnodiging aan die tweede groep mense. Dit is relevant (Matteus 22:8-10a). Dit verteenwoordig God se uitnodiging in die huidige tyd aan wie ook al daaraan aandag wil skenk! Hierdie uitnodiging sal voortgaan tot met die wederkoms van Christus (2 Korintiërs 6:2). Dit toon aan dat God volhard om sy doel te bereik, naamlik, sy bruilofsaaal moet heeltemal gevul word!

Hierdie tweede groep uitgenooies verteenwoordig die tollenaars en die sondaars (Matteus 21:31-32) en die heidene (Matteus 8:11) wie in die oë van die Joodse godsdienstige en politieke leiers verag is. Van die eerste koms van Christus af, word die evangelie van bekering en vergewing verkondig deur God se dienaars aan alle volke op die aarde (Matteus 24:14; 28:18-20). Die koning sal met sy uitnodiging aanhou totdatsy bruilofsaaal heeltemal vol geword het! Die koning is vasberade dat sy plan nie kán en nie sál misluk nie! Hierdie detail verteenwoordig God se vasberadenheid dat sy doel en sy plan, soos dit uiteengesit is in die Nuwe Testament, nie kán en ook nie sál faal nie (sien Jesaja 14:24,27)!

Die vol word van die bruilofsaaal met goeie en slegte mense. Dit is relevant (Matteus 22:10b). Van die eerste koms van Jesus Christus af word die evangelie van verlossing (en die koningskap van Christus) aan alle mense verkondig, sonder om onderskeid te maak t.o.v. ras, nasionaliteit, seks of sosiale status. Van die eerste koms van Christus af het geen enkele etniese volk op die aarde nog 'n besondere plek vir God nie (Johannes 10:18; Romeine 10:12-13; 1 Korintiërs 12:13; Galasiërs 3:28; Kolossense 3:11)! Nogal baie Jode en nie-Jode word in die Koninkryk van God ingebring.

Maar nie al hierdie mense is ware wedergebore gelowiges nie.

- Net soos die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Matteus 13:24-30)
- en die gelykenis van die visnet (Matteus 13:47-50),
- leer die gelykenis van die koninklike bruilof (Matteus 22:1-14) dat die evangelie van die Koninkryk voortdurend goeie en slegte mense inbring.

Die mense kan “goed” of “sleg” wees *volgens suiwer menslike standaarde*. In die oë van die wêreld kan hulle aanvaarbare, filantropiese en baie vroom gelowiges wees, maar hulle kan ook diewe, prostitute, geldwolwe en moordenaars wees (Matteus 21:31).

Of die mense kan “goed” of “sleg” wees *volgens God se standaard*, naamlik, met of sonder 'n bruilofskleed aan. Ware Christene en naam-Christene maak beide daarop aanspraak dat hulle deel het aan die Koninkryk van God (Matteus 7:21-23) en hulle leef saam met mekaar in die Koninkryk van God in sy huidige fase (die Kerk/Gemeente) tot by die wederkoms van Christus. Aan die einde van die tyd, by die groot oes en die laaste oordeel sal Jesus Christus en sy engele die ongelowiges (onregverdiges, naam-Christene) van die ware gelowiges (regverdiges) skei (Matteus 13:41; 25:32)!

Om geklee te wees met 'n bruilofskleed. Dit is relevant (Matteus 22:11-13). Hoewel die gelykenis niks noem van die aanbied van 'n bruilofskleed nie, is daar genoeg bewys dat dit wel in daardie tyd die gewoonte was. Gaste uit die laer klasse het nie 'n pragtige feeskleed gehad nie en kon ook nie 'n feeskleed op 'n ander manier bekom nie. Die koning het verwag dat elke uitgenooide so 'n bruilofskleed by die koninklike bruilof sou dra. Die man sonder 'n feeskleed het geen verskoning gehad waarom hy nie 'n feeskleed aangehad het nie.

Die Bybel het belangrike gedeeltes waarin daar oor so 'n feeskleed figuurlik gepraat word. Byvoorbeeld, die feeskleed verteenwoordig “Christus en sy geregtigheid en heiligheid” (Romeine 13:14; Efesiërs 4:24). Uiteindelik het die koning beveel dat die man sonder 'n feeskleed ernstig gestraf moes word. M.a.w, die dra van 'n bruilofskleed is essensieel en relevant in die gelykenis. Dit verteenwoordig *God se voorwaarde om te kan ingaan in God se Koninkryk*.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die bruilof in Matteus 22:1-14 is 'n gelykenis oor “die voorwaarde om in te gaan in die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Mense moet positief reageer op die uitnodiging van God om sy koninkryk in te gaan. En hulle moet God se Koninkryk ingaan, nie op hulle eie voorwaarde nie, maar op die voorwaarde van God!” Elke mens word aangespoor om God se genadige uitnodiging aan te neem, sodat terwyl ander mense ingaan, hy nie verlore sou gaan nie.

Maar hy moet onthou dat lidmaatskap van die sigbare Kerk/Gemeente in die wêreld nie 'n waarborg is vir lidmaatskap aan die Koninkryk van God in sy finale en ewige fase nie, d.w.s., nie sy ewige verlossing waarborg nie. Wat regtig nodig is vir verlossing is om Jesus Christus met sy volmaakte geregtigheid en heiligheid aan te neem. Alleen dit waarborg volkome verlossing en volledige vernuwing.

Om in te gaan in die Koninkryk van God is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers in God se Koninkryk het hulle eie voorwaarde soos “'n goeie mens”, “goeie werke” en “eie ontwerpte godsdiens” prys gegee en hulle toegewy aan God se voorwaarde om in sy Koninkryk in te gaan en daarin te leef.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Vergelyking van drie gelykenisse:

die twee seuns, die boere en die wingerd en die bruilof.

Lees Matteus 21:28-32; Matteus 21:33-44; Matteus 22:1-14.

Die drie gelykenisse in Matteus 21 en 22 is in stygende lyn georden.

Die gelykenis van “die twee seuns” in Matteus 21:28-32 leer dat die mense wat ongehoorsaam was aan God se bevel en sy boodskapper, Johannes die Doper, verwerp het, nooit in die Koninkryk van God sal ingaan nie, tensy hulle hul bekeer.

Die gelykenis van “die boere en die wingerd” in Matteus 21:33-44 leer dat die mense wat God se profete verwerp en mishandel en selfs sy Seun dood gemaak het, tot 'n verskriklik einde sal kom. *Al hulle voorregte en geleenthede (die wingerd) sal aan 'n ander volk gegee word.*

Die gelykenis van “die bruilof” in Matteus 22:1-14 leer dat die mense wat die uitnodiging van God verwerp het, vernietig sal word en dat *veragte Jode en nie-Jode (heidene) God se Koninkryk (en Kerk/Gemeente) sal binnestroom.* Maar nogtans vereis God dat elke mens, Jood en nie-Jood (heidene) 'n bruilofskleed moet aanhê!

(2) God se siening van die volk Israel in verhouding met die ander volke.

Lees Matteus 8:11-12; 21:41-44. Vergelyk Matteus 10:5-6 met 24:14 en 28:18-20. Lees ook Johannes 10:14-16; Handeling 10:24-35,42-43; Romeine 8:17; 2 Korintiërs 1:20; Galasiërs 3:8-9; 3:23 tot 4:7; Efesiërs 3:4-6; Kolossense 3:9-12; 1 Petrus 2:4-10; Openbaring 5:9-10.

Gedurende die Ou-Testamentiese periode is die volk van Israel *gekies om bepaalde voorregte* bo die ander volke in die wêreld te geniet (Romeine 9:4-5; Efesiërs 2:11-12). Nietemin bly Israel 'n volk wat vasgebind is in slawerny aan die Wet. Hulle het die status gehad van 'n onmondige kind wat onderworpe is aan voogde en heersers (die seremoniële wette) tot met die eerste koms van Jesus Christus (Galasiërs 3:18 – 4:7). Die dood en opstanding van Jesus Christus het “die skeidsmuur van vyandskap” (die seremoniële wetten) wat die volk van Israel van die ander volke in die wêreld geskei het, tot niet gemaak (Efesiërs 2:13-22; Kolossense 2:13-14).

Van die eerste koms van Christus af tot met sy wederkoms is Christene uit die nie-Joodse (heidense) volke *op volkome gelyke voet* mede-erfgename met Christene uit die natuurlike volk van Israel (Efesiërs 3:2-6). Hulle behoort tot één en dieselfde Liggaam van Christus (die Kerk/Gemeente). Hulle is mededeelgenote van al God se beloftes wat Hy aan sy Ou-Testamentiese verbondsvolk en aan sy Nuwe-Testamentiese verbondsvolk gemaak het (2 Korintiërs 1:20). Die enigste “volk” wat nou nog 'n spesiale status voor God het, is die volk wat bestaan uit wedergebore gelowiges in Jesus Christus (die Gemeente/Kerk), ongeag of hulle oorspronklik Jood of nie-Jood (heidene) was (1 Korintiërs 12:13; 1 Petrus 2:4-10). Die enigste “uitverkore volk van God” bestaan uit gelowiges in die Messias gedurende die Ou-Testamentiese periode en die gelowiges in Jesus Christus gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode, ongeag van hulle ras, nasionaliteit, geslag of sosiale status!

God het nie twee verlossingsplanne of programme nie: één vir die Jode en 'n ander vir die nie-Jode. Mense in die Ou Testament en in die Nuwe Testament word gered (verlos) alleen uit genade en deur geloof (Genesis 15:6; Johannes 14:6; Handeling 4:12; Efesiërs 2:8-9).

Die woorde van die Ou-Testamentiese profete bly “bedek” en word net ten volle begryp in die lig van die Nuwe-Testamentiese openbaring. En die woorde van die Ou-Testamentiese profete word ook net vervul aan die mense wie hulle tot Jesus Christus bekeer (2 Korintiërs 3:7-16). Die woorde in die Ou Testament is “skaduwees” van die “werklikhede” in die Nuwe Testament (Kolossense 2:17; Hebreërs 8:5; 10:1). Die profete in die Ou Testament het nie “die geheimenis” begryp wat eers aan die apostels en profete in die Nuwe Testament geopenbaar is nie, naamlik, dat deur die verkondiging van die evangelie, die gelowiges in Jesus Christus uit alle volke op die aarde gedurende die Nuwe-Testamentiese periode *op volkome gelyke voet* mede-erfgename sou wees van die gelowiges in die Messias

(Christus) in die volk van Israel gedurende die Ou-Testamentiese periode (Romeine 16:25-26; Efesiërs 3:4-6; 1 Petrus 1:10-12; 2 Petrus 1:19). Daarom mag die profesieë in die Ou Testament nie los van die Nuwe Testament uitgelê word nie!

(3) Die betekenis van die dra van 'n bruiwskleed.

Lees 2 Konings 10:18-22; Openbaring 19:7-8. Hier is 'n bewys dat dit in die Bybelse tyd 'n gebruik was om 'n bruiwskleed by 'n bruiw te dra. Koning Jehu het 'n groot byeenkoms vir die aanhangers van Baal georganiseer en bevel gegee aan diegene wat aangestel is oor die klerekamer om "klere" vir al die dienaars van Baal te voorsien. So kon hulle duidelik onderskei word voordat hulle doodgemaak is.

Ook by die bruiw van die Lam by die wederkoms van Christus, maak "die bruid" as verteenwoordiger van alle ware Christene haar gereed en is vir haar fyn, helder, blink klere gegee om te dra.

Die meeste van die gaste by hierdie koninklike bruiw het gekom uit die minder bevoorregte klasse in die samelewing (Lukas 14:21-23) en het nie 'n feeskleed besit nie. Nietemin het die koning verwag dat elke uitgenooide 'n feeskleed sou dra. Die man sonder bruiwskleed het geweier om dit wat hom aangebied is, te dra. Hy het geen verskoning nie en is ernstig gestraf!

Lees Jesaja 64:6; Kolossense 3:5-14. Die bruiwskleed kan nie 'n simbool wees van ons morele goedheid of goeie werke as 'n vereiste of voorwaarde vir verlossing nie, omdat "ons regverdige dade soos 'n besoedeld kleed" in God se oë is (Galasiërs 3:16,21). Die enigste "goeie werk" is om te glo in Jesus Christus en sy geregtigheid wat Hy in die plek van die gelowige verwerf het (Johannes 6:29).

Lees Job 29:14; Jesaja 11:5; 61:10; Romeine 13:14; Galasiërs 3:27; Efesiërs 4:24; Openbaring 19:7-8. Die mense wat 'n feeskleed dra is waarskynlik 'n simbool van:

- "hulle wat klere gewas het en wit gemaak is in die bloed van die Lam," Jesus Christus (Openbaring 7:14);
- "hulle wat hulle met die nuwe mens beklee het, wat ooreenkomstig die beeld van God geskep is, in ware geregtigheid en heiligheid" (Efesiërs 4:24);
- "hulle wat hulle met die Here Jesus Christus beklee het" (Romeine 13:14; Galasiërs 3:27). Hulle wat die geregtigheid, heiliging en verlossing in Jesus Christus aangeneem het (1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 5:21).

"Die bruiwskleed" verteenwoordig die geregtigheid¹ van Jesus Christus:

- wat Christus deur sy dood en opstanding *verwerf* het
- wat God die gelowige (in 'n wetlike sin) *toegereken (toegeskryf)* het
- wat God aan die gelowige (in 'n konkrete sin) *meegedeel* het
- sodat God die gelowige as volmaak regverdig in sy oë kan *beskou en behandel*
- en sodat die gelowige ook in God se oë regverdig kan *lewe!*

Die bruiwskleed verteenwoordig die regverdiging uit genade en deur geloof en lei tot 'n lewe van geregtigheid.

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Die voorwaarde om God se Koninkryk te kan binnegaan word deur die Koning alleen bepaal.

"Die koning" verteenwoordig God wat met geduld en volharding mense nooit om in sy koninkryk in te gaan. Mense moet reageer en moet op sy voorwaarde ingaan of vir ewig verlore gaan.

Ander godsdienste en hulle profete produseer voorwaardes waardeur die mens sy eie geregtigheid moet verwerf. Die God van die Bybel vereis egter alleen die aanneem en "aantrek" van die volmaakte geregtigheid van Jesus Christus wat God uit genade toereken en meedeel aan die gelowige in Jesus Christus. Daar is geen ander weg van verlossing nie (Johannes 14:6; Handelingen 4:12)!

(2) Hierdie gelykenis is vol betekenis en die drie onderdele

kan as drie gelykenisse beskou word, elk met 'n besondere betekenis:

- Die eerste deel van die verhaal gaan oor die verwerping van die uitnodiging van die koning. Die belangrike boodskap is dat God baie geduldig is, veral met die goddelose en onregverdige mense in die wêreld. Maar daar is 'n grens aan God se geduld (Matteus 8:11-12; 21:41-44).
- Die tweede deel van die verhaal gaan oor die volmaak van die bruiwsaal. Die belangrike boodskap is dat God se doelwitte en planne nie kán en nie sál faal nie (sien Jesaja 14:24,27). As die Jode as 'n volk gefaal het om God se instrument te wees om sy plan te bereik, dan gebruik Hy Christene uit ander volke in die wêreld om sy ewige plan uit te voer (Matteus 28:19; Lukas 24:44-47; 1 Petrus 2:9-10).
- Die derde deel van die verhaal gaan oor die man wie geen bruiwskleed aan het nie. Die belangrike boodskap is dat mense God se Koninkryk alleen kan inkom op God se voorwaarde en nooit op grond van hulle eie voorwaardes nie.

¹ Engels: Righteousness of Christ that is imputed (ascribed by God), imparted (by Holy Spirit) and implemented (received by faith).

Jesus Christus is die Weg en niemand kom na die Vader toe behalwe deur die Seun (Johannes 14:6). Hierdie deel van die gelykenis lê die klem op die persoonlike verantwoordelikheid om die bruiwofskleed aan te neem en aan te trek.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die bruiwof” saam met 'n persoon of 'n klein groeple mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **2 Konings 5, 6, 17 en 25**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. (2) **“Die aktiwiteite van die Gemeente”**. **Handelinge 2:42**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 4:1-17a**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.